

**Skriflesing:** Openbaring 2:12- 17

Teks: **Openbaring 2: 12b-13**

**Sing: VOORAF SANG- Ps. 33:2**

**TYDENS EREDIENS- Ps. 33:1,11; Ps. 139:1,6; Ps. 66:7; Sb. 15-4 (40):1,2,6**

**Openbaring 2:12- 17**

**Opn 2:12** Skrywe aan die leraar van die gemeente in Pergamum: **So sê Hy wat die skerp swaard met die twee snykante het:**

**Opn 2:13** Ek ken die plek waar julle bly, daar waar die troon van die Satan is. Tog bly julle aan my Naam getrou en julle het nie julle geloof in My afgesweer nie, selfs nie in die tyd toe Antipas, my getroue getuie, doodgemaak is daar by julle waar die Satan bly nie.

**Opn 2:14** Maar Ek het 'n paar dinge teen julle. Julle het mense daar wat die leer van Bileam aanhang. Hy het vir Balak geleer om die volk Israel van My afvallig te maak, sodat hulle afgodsoffervleis geëet en onsedelikheid bedrywe het.

**Opn 2:15** So is daar onder julle dan ook mense wat die leer van die Nikolaïete aanhang en dieselfde sondes doen.

**Opn 2:16** Bekeer julle nou, anders kom Ek gou na julle toe en sal Ek daardie mense bestry met die swaard van my mond.

**Opn 2:17** Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê. Aan elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek van die verborge manna gee, en daarby sal Ek vir hom 'n wit steentjie gee met 'n nuwe naam daarop gegraveer, wat niemand anders ken nie, net hy wat dit kry.

**Skriflesing:** Openbaring 2:12- 17

Teks: **Openbaring 2: 12b-13**

**Sing: VOORAF SANG- Ps. 33:2**

**TYDENS EREDIENS- Ps. 33:1,11; Ps. 139:1,6; Ps. 66:7; Sb. 15-4 (40):1,2,6**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, verlede Sondag was ons by die brief aan die

gemeente in Smirna, vandag nog weer 'n ent noordwaarts kom ons by Pergamus. In daardie jare die administratiewe hoofstad van Klein-Asië genoem. Die plek staan in ons moderne tyd bekend as Bergama. Die stad is geleë aan die voet van hoë heuwel gebergtes, omtrent 260 m hoër as die omliggende omgewing. In geografiese sin het die stad ook tussen die ander stede uitgetroon. Vandaar dalk ook die beeld van 'n troon wat ons by hierdie stad van lees, ongelukkig word die hoogte waar die stad tussen ander stede kon uittroon verbind aan die troon van Satan.

Toe Johannes op die eiland Patmos ook die brief aan die gemeente moes dikteer was dit in hulle terme alreeds 'n groot plek. In die naam Pergamus lê ook die klanke van hulle bekendste uitvoerprodukte nl. perkament. Perkament is daardie jare as skryfmateriaal gebruik voordat daar papier was. Hier is die eerste perkament gemaak met dierlike velle wat baie fyn gebrei word om dit dan as duursame skryfmateriaal te gebruik, nog weer baie meer kosbaar as papirus, wat weer van plantaardige oorsprong was.

In die tyd van Openbaring het daar omtrent 120000 mense daar gebly. In daardie tyd 'n groot klomp mense ... Met dié dat perkament in Pergamus gemaak is, het hulle ook bekend geword as die stad met wat ons kan noem die grootste biblioteek. Daar was omtrent 200 000 perkamentrolle in hulle biblioteek gewees. Ja, Pergamus en Alexandrië in die vroeëre tyd was gedurig in stryd oor wie se biblioteek nou eintlik die grootste en die belangrikste was. Pergamus was dus beskou as stad van geleerdheid, maar tog as plek waar Satan sy troon het. Verskriklik! Die plek was dus ook bekend as religieuse stad, ja hoe dikwels het religie met die ware godsdiens niks te make nie.

Die ou Grieke het dit op 'n stadium as hulle hoofstad beskou en was ook die blyplek van baie van die ou konings. In Pergamus was daar afgodstempels vir letterlik elke soort van afgod wat daar in daardie tyd was. Die ou hoofgod van die Grieke genaamd Zeus of soos wat die Romeine hierdie god genoem het, Jupiter, daar was sy eie tempel. Zeus was deur die Grieke beskou as die skeppergod, ja die heidene het Zeus beskou as die hoof van alle afgode. Die Zeus-altaar, ja net die altaar vir die afgod, was daardie jare die grootste van sy soort, 37m lank en 34 m breed. Dit was die rykes en mense van aansien se bymeakaarkomplek. Daar was ook nog die tempel ter ere van die afgod Athena en dan ook die Dea Roma waar die Romeinse keiser aanbid is.

Die bekendste afgod in daardie jare was egter nie 'n tempel op van die heuwels gebou nie, maar aan die suidekant van die stad waar die berghange ophou daar het die afgodery sy hoogtepunt bereik. Die god van die geneeskunde is daar aanbid, ook bekend as *Asklepios Soter*, daarheen het die siekes van destyds heen gestroom met die geloof ons sal daar genesing vind. Ja, die embleem van die afgod het u sekerlik ook al gesien, waar 'n reuse- slang teen 'n regopstaande stok of rondom 'n paal opgekrul uitgebeeld word. In ons land kan van die geneeskundige dienste steeds met hierdie embleem uitgeken word. Asklepios is aanbid as die god wat as hy sy slang op mense kan neersit dan sal hulle gesond kan word. Om te dink die afgod is genoem *Asklepios Soter*, waar die woord *soter* beteken verlosser, dan is dit verskriklik om te dink hulle het hierdie gedrog as hulle verlosser beskou dan besef ons hoe gevaarlik en slu is Satan in sy werkswyse. Nie Christus verlos jou nie, nee Asklepios kan dit doen.

Geliefdes, dan verstaan ons al klaar beter hoekom die brief aan hierdie derde gemeente in vergelyking met die ander twee gemeentes waarna ons reeds gekyk het, 'n baie skerp inleiding het. Dit wat ons teksverse ook vandag is. Daar word van Christus gepraat as die Een met die skerp swaard met twee snykante... Die Here voeg daaraan toe - *Ek ken die plek waar julle bly, daar waar die troon van die Satan is...* Satan het letterlik in die stad uitgetroon. Dit was asof Satan hier op 'n besondere wyse iets van sy mag kon wys. Ja, dit was asof Satan hier oppermagtig was, ja oppermagtig, beslis nie almagtig nie. Alleen God kan almagtig wees maar het Satan soveel oppermag in hierdie stad getoon dat hy voorgestel word as hy sit hier op 'n troon.

\*\*\*

Daarom moet ons Christus se openingswoorde aan hierdie gemeente baie mooi na luister. Christus het hier 'n skerp swaar aan twee kante vlymskerp. In Openbaring 1 vers 16 het ons al kon lees dat die Een in die gedaante van Christus het Johannes Hom gesien dat 'n skerp tweesnydende swaard uit sy mond uitgegaan het. Ons besef dit wat skerp is, soos 'n swaard uit Christus se mond kan net één betekenis dra, dit verwys na God se Woord. In Ef. 6:17 word na die Woord van God ook verwys as die swaard van die Heilige Gees. In Hebreërs 4 vers 12 staan dat die Woord skerper as enige tweesnydende swaard is, dit dring deur tot die skeiding van siel en gees en skei gewrigte en murg van mekaar. Ons besef in 'n stad so oorlaai met afgodery en heidene wat die botoon in alles wou voer, kan daar geen sagte reaksie van die kant van Christus wees nie. Om die heidendom te kan aanvat moet jy die swaard van God nl. sy Woord reg ken en reg hanteer. Jy moet kan sny om of reg te sny of af te sny. Vir sagte praatjies en soetsappigheid sou daar nie tyd wees nie. Daarom is hier ook geen sagte kant as Christus Hom in hierdie besondere brief tot hierdie gemeente wend nie. Dit is 'n oorlog wat Christus hier teen die ongehoorsames verklaar.

Gewoonlik het 'n swaard mos net een snykant want die mens wat die swaard hanteer moet nie maklik deur sy eie swaard beseer word nie. Die swaard in Jesus se mond het egter twee snykante. Dit sê vir ons ek en jy wat die Woord van God hanteer, ja wanneer ons met die Woord besig is, kan onself ook maklik hierdeur seerkry. Daarom moet ons

die Woord van God altyd met die grootste versigtigheid hanteer. As die kerk die Woord nie reg hanteer nie kan die kerk ook self deur die Woord seerkry. Hierdie swaard met sy twee kante skerp, het 'n kant wat na buite sny, na daardie verskriklike afgodery wat daar buite die stad aan die gang, maar nou sal daar ook na die binnekant van die gemeente gesny moes word.

In die gemeente self het die lidmate dit beslis nie maklik gehad nie. In Smirna het ons verlede Sondag gesien hoe die Evangelie mense materieel verarm kon laat, ja dit was die prys wat die gelowiges in Smirna vir hulle geloof in Christus moes betaal. Die grootste deel het in die uiterste van armoede verval. In Pergamus was die gelowiges weer só blootgestel aan ek moet 'n finale keuse maak. 'n Keuse tussen die ware godsdiens of al die afgodery waar daar aan die gang was. Dit het in daardie kerk dit nie maklik gemaak nie. Daar was baie verwarring en baie opskudding, baie het in die proses geestelik seergekry want hulle bly in so 'n gevaarlike plek. Dit was asof die gelowige in hierdie gemeente en in hierdie plek ook voortdurend na binne moes sny. Met die beeld van die tweesnydende swaard sê Christus inderdaad aan sy kerk julle het ook 'n baie pynlike binne-operasie nodig, want die plek waar julle bly is inderwaarheid die troon van Satan. 'n Verskriklike naam en toevoeging wat Jesus aan Pergamus uitgedeel het. 'n Naam wat beslis nie die kerk onaangeraak sou laat nie.

Oor die kerk alhier sou daar wel mooi dinge gesê word. Christus noem dit - *julle het aan my Naam getrou gebly* en direk hiermee saam, so belangrik en *julle het julle geloof aan My nie afgesweer nie*. Christus prys inderwaarheid hulle opregtheid en hulle suiwerheid. En dan noem Christus ook die naam van 'n lidmaat aldaar. Antipas! Hy word as getroue getuie so eervol genoem, hy in besonder is oor sy geloof doodgemaak, in die plek waar God dit nog weer beklemtoon, in die plek waar die Satan bly. Wie Antipas presies was weet ons nie presies nie. Duidelik hy was van die getrouste lidmate daar. Jesus maak hom dan die besondere voorbeeld van iemand wat waarlik aan Hom getrou gebly het. Dit in 'n tyd waar daar soveel afgode en allerlei verleidinge was om die mens se aandag en toegewydheid heeltemal van Christus weg te voer.

Dan hoor ons daar was wel ook nie alles pluis in die gemeente nie. So belangrik dit is om aan Christus getrou te bly net so belangrik is dit om nie aan die sondige wêreldgelykvormig te word nie. Juis hierdie wêreldgelykvormigheid was 'n voortdurende gevaar in dié gemeente, maar beslis net soveel vandag nog in die Kerk van die Here. Die Here noem twee gevaarlike dinge wat in daardie Kerk besig was om te gebeur. Daar was mense in die gemeente wat die leer van Bileam verkondig het en soos by Efese ook die waarskuwing, was daar ook mense wat die leer van die Nikolaïete verdra het.

Bileam was in die Ou Testament al goed bekend. Numeri 22 tot 25 staan baie van die gebeure rondom Bileam geskryf. Bileam was die man wat koning Balak nader geroep het dat hy as siener of profeet gestuur word om die volk van God te vervloek. Tog weet ons selfs van die donkie wat met hom gepraat het, op die einde in plaas van om die kerk van daardie tyd te vervloek het Bileam elke keer die volk van God geseën. Tot groot woede van die koning. Hier kom Satan vroeg reeds met seker van sy mees sluwe metodes, ja ook weer iets van die slang soos rondom 'n paal opgekrul. Koning Balak reël groot partytjie met die uitsluitlike doel hulle meisies moes die Israelitiese mans verlei. Spesifiek word dan die Israelitiese mans na hierdie Moabitiese partye uitgenooi en lees ons in Numeri 31 vers 16 hoe die meisies daarin geslaag het om baie van die Israeliete tot afgodery en onsedelikheid te verlei. As die Here sy kerk in Pergamus waarsku teen die leer van Bileam dan is dit eintlik vir die kerk 'n waarskuwing teen wêreldgelykvormigheid. Onsedelikheid en ontrouheid buite die huwelik en ja die algehele sedelike verval van die mens op seksuele gebied was nog nooit nie deel van die sondige wêreld se vrotheid en verval nie.

Die Nikolaïete is maar dieselfde liberale groep soos in Efese daar ook van hulle was, wat geglo het dat jy as mens is vry, jy moet vryheid in alles kan gebruik. Moet nie jou drifte en drange en alles wat jou vryheid jou bied probeer inhou nie. Op eienaardige wyse het die Nikolaïete dan ook hulle sondige praktyke probeer regverdig. Een kant wou hulle christene wees maar aan die ander kant is dit darem so lekker om met al die sondige dinge in ons stad mee besig te wees. So waarsku Christus sy kerk, of jy nou met die

Bileam-leer besig was of om jouself met die idees van die Nikolaïete te oortuig, jy is besig om van Christus weg te beweeg.

Om aan Christus getrou te wees sluit uit dat ek iets met Bileam se leer of iets met die leefwyse van die Nikolaïete myself vereenselwig. In Efese het Christus al duidelik sy kerk teen die werk van die Nikolaïete gewaarsku, nou waarsku Christus sy kerk in Pergamus, nie net teen die *werke* van die Nikolaïete nie, maar spesifiek ook teen wat hulle *leer* was. Dit wat hulle as aanvaarbare leerstellings voorgehou het, het beslis niks met die gesonde leer van God se Woord te make nie.

Die moderne mens vandag is ook baie daartoe geneig om weg te skram van gesonde leerstellings. Dit het baie modern geword om te sê moet my nie met die dogma moeg maak nie. Daarmee saam sal die mense sê dat ons belydenisskrifte is uitgedien. So lank almal net in liefde en vrede kan aangaan, dan is dit mos reg. Weet u die Nikolaïete en die mense van Bileam het ook só geredeneer. 'n Baie gevaarlike redenasie wat vir God nie aanvaarbaar is nie.

Vers 16 bring dit alles duidelik na vore. Die swaard met sy twee skerp kante moet kan sny. Na buite en ná binne. Die Here sê vir sy Kerk ... *Bekeer julle nou, anders kom Ek gou na julle toe en sal Ek daardie mense bestry met die swaard van my mond.*

\*\*\*

God se genade is egter in Pergamus so duidelik deel van die gemeente gewees. 'n Mooi deel van hierdie kerk het aan Christus getrou gebly. Hulle wou aan Christus getrou wees. Die ware leer was vir hulle net so belangrik soos die regte leefwyse. Leer en lewe is nie deur hulle vanmekaar geskei om dan te redeneer ek mag wel met die liggaam sonde doen, so lank ek net nie in my siel sondig nie. So asof ons as mense siel en liggaam op hierdie aarde van mekaar kan skei! Laat Bileam en die Nikolaïete jou as kind van die Here nie met hierdie valsheid verlei nie, maar eindig die Here se brief aan hierdie gemeente ook weer met sulke besondere beloftes. Aangrypend dat in Efese was die belofte jy sal kan eet van die boom van die lewe wat in die paradys van God is, in Smirna was die belofte

van twee kante. Jy sal die kroon van die lewe ontvang, ook die oorwinnaarskroon genoem en is daar ook vir die Kerk gesê dat hulle die tweede dood nie sal ingaan nie.

Vir Pergamus is daar ook twee beloftes- *Aan elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek van die verborge manna gee, en daarby sal Ek vir hom 'n wit steentjie gee met 'n nuwe naam daarop gegraveer, wat niemand anders ken nie, net hy wat dit kry.* Geliefdes, die verborge manna is Jesus Christus self. In die woestyn het manna die volk van ouds tydelik aan die lewe gehou maar nou is Jesus Christus die brood van die ewige lewe. Hy is die ewige lewensbrood, die ewige spys van saligheid. Met hierdie belofte waarmee God sy kinders geestelik voed word ons ook verkwik en versterk. Let wel hier word gepraat van verborge manna. Ja, God kan op wonderbaarlike wyses waarin ons beslis nie alle insae het nie, ons steeds voed en verkwik. By elke Nagmaal is ons ook nog weer die getuies daarvan. God kan in alle nood en behoeftes voorsien.

Die verborge manna staan egter verbind aan die wit steentjie met 'n nuwe naam daarop gegraveer, niemand anders kan dit ken nie, net hy/sy wat dit kry. Die wit wys beslis op reinheid en om voor God geheilig te wees, tog is dit op 'n waardevolle gesteente geskryf waar die steen weer wys op duursaamheid. By die Asklepios tempel het pasiënte 'n stukkie marmer as soort van toegangskaartjie moes toon as hulle in aanmerking wou kom vir mediese behandeling by hierdie heidense intensiewe sorg.

God gee ons egter intensiewe sorg op die wyse wat God alleen dit kan doen. God se Naam staan daarop geskrywe. Hierdie wit gesteente word dan ook verklaar as jou en my kaartjie van toegang as ons deel wil wees van die bruilofsmaal van die Lam. Sonder die wit gesteente aan jou kant en God se Naam aan God se kant, is toegang nie moontlik nie. So dra die wit gesteente dan ook besondere verbondsbetekenis. God bind Homself aan jou met 'n nuwe Naam wat God alleen ken en die één vir wie God wil ken. Dit wat geëet kan word, manna en dit wat gelees kan word, 'n wit klip met 'n besondere Naam daarop, mag dit ons ete en denke terugbuig na wat uit die mond van God uitgaan, sy swaard met twee kante skerp!

AMEN